



Towerlantern Fotografie
fotografienuus
julie 2021

In die woud
Lensopening: f2,8; Sluiterspoed: 1/160 sekonde; Fokale lengte: 100 mm

Dis 'n goëie beginsel dat jy, as fotograaf, moet probeer om iets betowerends, of *magic*, as jy wil, in jou foto's in te bou. Of anders gestel: Doen iets wat die besoeker (tydens 'n besoek aan jou ateljee) 'n tweede keer na jou foto's sal laat kyk. Dít, terloops, is juis 'n goëie maatstaf vir geslaagde foto's.

Ons wil in hierdie uitgawe ons daarop toelê om met lig te speel – ook ter wille van betowering. Natuurlik het mens altyd lig nodig vir foto's, maar ons wil as't ware op 'n meer verhewe berg gaan staan om na die lig rondom ons te kyk.

Die hoop is dat ons met elke uitgawe van *Fotografienuus* genoeg idees aan ons lesers verskaf om elkeen se vermoë tot hoër hoogtes te lei. Ons hoor dan graag ook van ons lesers. Stuur jou bydræ na ons om ons teen die 20e van die maand te bereik.

Ons stel 'n perk van ongeveer 250 woorde met een foto daarby.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa van [Colourcode Designs](#)

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbriëf? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

— voorbladfoto

Die bedoeling met die voorbladfoto is tweërlei, naamlik eerstens om klem op kleur te lê (waaroor ons verlede maand gesels het) en tweedens om betowering te skep deur met lig te speel.

Die voorbladfoto is met 'n groot lensoëning van f2,8 geneem. Die bedoeling is om 'n vlak velddiepte te verkry. Deur naby te fokusseer (op die "bome" links in die foto) word 'n onskerp agtergrond verkry – wat presies die bedoeling is. Let ook op dat die infokus gedeelte links 'n "vastigheid" of "stabiliteit" aan die foto gee.

Die onskerp agtergrond lewer natuurlik die raaiselagtige toneel wat die betowering skep. Die wit "maantjies" gee 'n woudillusie (om die titel te motiveer). Vir diegene wat wonder waar "speel met lig" in die prentjie kom, die "maantjies" is juis verkry deur met lig te speel.

Ons lewe bestaan uit lig – ook in die Bybel word “lig” baie dikwels as metafoor gebruik.

George Eastman (1854-1932), pionier van algemene fotografie en kleurfilms, het gesê: “Light makes photography. Embrace light. Admire it. Love it. But above all, know light.

Know it for all you are worth, **and you will know the key to photography.**” (Aanhaling uit *Transcendent light* van Eva Polak, 2008-2012.)

Ons wil hier twee belangrike aspekte van lig uitlig, naamlik ligweerkaatsing (ook genoem refleksie, Engels: *reflection*) en ligbreking (ook genoem refraksie, Engels: *refraction*).

ASPEKTE VAN

Lig

LIGWEERKAATSING

Plaas 'n plat spieël op 'n plat oppervlak voor 'n oop venster. Die buitebeeld wat jy in die spieël sien is 'n weerkaatsing van die buitetoneel.

Toepassing van ligweerkaatsing: Khi Solar One-kragentrale naby Upington met 4200 spieël-son-panele.

Besoek gerus hierdie skakel:

<https://youtu.be/4XXsAdpcjQw>




LIGBREKING

Plaas 'n CD op 'n plat oppervlak met sy speelkant na bo voor 'n oop venster waardeur die son op die CD skyn. Die kleure wat jy op die CD sien is ligbreking van sonlig. Toepassing van ligbreking: Lense, van mikroskope tot kameras tot sterteleskope, waaronder die 100 cm refrak-

torteleskoop by die Yerkes-sterrewag in Williamsbay, Wisconsin, VSA.

https://en.wikipedia.org/wiki/Yerkes_Observatory



Gedagtes...

...rondom speel met lig (vir betowering)

Besef dat fotografie 'n kunsvorm is, en soos elke ander vorm van kuns staatmaak op twee sake: tegniek en eie kreatiwiteit. Vir ons doel sluit kreatiwiteit die volgende twee sake in: "speel met lig" en "betowering". Beide onderwerpe is baie wyd.

"Speel met lig" verwys onder andere na spesiale beligting, voorbeligting, agterbeligting, sonflitse, weerkaatsings en bokeh's. Gebruik die soekterm *play with light* vir 'n groot aantal idees. *Light writing* is nog 'n moontlikheid, maar na 'n tydjie raak dit vervelig.

"Betowering" in 'n foto sal vir elke fotograaf sy/haar eie betekenis hê. Dit is dus moeilik om spesifieke variasies uit te lig. Betowering ontwikkel ook by elke fotograaf met die jare; en baie fotografe kan daarvan getuig. Dit kan wel gesê word dat elke fotograaf behoort te weet as hy/sy 'n besondere foto, moontlik selfs 'n betowerende foto, geneem het.

Betowering kan onder andere verkry word deur sekere tegnieke:

- ✓ Kamerabeweging
- ✓ Sagte fokussing
- ✓ Ontfokussing
- ✓ Effekte soos vlak velddiepte
- ✓ Verskillende inligtingsvlakke
- ✓ Teen-die-son-in skote (soos in die foto).

Ons sal graag jou, liewe leser, se beskrywing wil kry van wat betowering vir jou in jou fotografie beteken. Skryf vir ons 'n kort stukkie (weereens ongeveer 250 woorde), en stuur 'n foto saam.

RIGLYNE

VIR SPEEL MET LIG

vir betowering

MAAK SEKER:

- ✓ Jy het 'n toneel met verskillende fokusvlakke voor jou.
- ✓ Jy het die kamera op 'n driepoot opgestel.
- ✓ Jy maak gebruik van presisie-fokussing.

TIPE LENS

Enige tipe, maar verkieslik een met 'n groot lensopening, byvoorbeeld f2,8.

FORMAAT

Die keuse is joune.

WITBALANS

Varieer die witbalans-instelling soos nodig.

KEUSE VAN FOKUSPUNT

Kies 'n fokuspunt na aan die rand van die foto wat as ankerpunt in die foto kan dien.

LENSOPENING

Kies die grootste moontlike lensopening.

ISO

Maak jou eie keuse.

SLUITERSPOED

Maak gebruik van die liniaal-instelling van die kamera, maar varieer ook.

FYN FOKUSSERING

Maak seker van die fokussing, maar skerp fokussing is nie besonder belangrik nie.

REFRAKTOR & REFLEKTOR TELESKOPE




Die lense in jou kamera, of selfs dié van die duurste, professionele kameras, is maar enkele sentimeter in deursnee. Selfs die Groot Paryse Teleskoop van 1900 was "maar net" 125 cm in deursnee. Hierteenoor het die Suider-Afrikaanse Groot Teleskoop (of SALT-teleskoop) by Sutherland se saamgestelde spieël 'n deursnee van 11 meter! Hoe moet dit verstaan word?

As dit by sterrekundige teleskope kom, onderskei ons tussen twee tipes teleskope, naamlik refraktortelekope (dit wil sê **lensteleskope**) en reflektortelekope (dit wil sê **spieëlteleskope**). By eersgenoemde (en ook by 'n kamera se lensstelsel) word een of meer lense gebruik en by laasgenoemde een of meer spieëls. Die rede waarom daar twee tipes is, is die volgende:


- ✓ By 'n **lensteleskoop** moet die rand van die lens aan die teleskoopbuis gemonteer word – dit lewer 'n beperking op die lensgrootte weens die lens se massa.
- ✓ By 'n **spieëlteleskoop** word die spieël(s) in die teleskoop met hul agterkant aan die eindpunt van die teleskoopbuis gemonteer – dit is dus 'n baie stewiger konstruksie en 'n baie groter spieëloppervlakte kan verkry word..

Die sketse maak die saak duidelik.

Bron: Encyclopedia Britannica




Pad van ligstraal deur refraktorlens



Pad van ligstraal deur reflektorlens


Fresnel-lense

'n Fresnel-lens is 'n tipe saamgestelde lens wat ontwikkel is deur die Franse fisikus Augustine-Jean Fresnel (1788-1827). Dit is ontwikkel vir die gebruik in vuurtorings en dit is ook genoem "die ontdekking wat 'n miljoen skepe bewaar het".



Omdat 'n lens al swaarder word hoe groter dit gemaak word, het Fresnel daarin geslaag om die hoeveelheid glas te verminder. Hy het 'n standaardlens "opgedeel" in verskeie konsentriese sirkelvormige skywe, van die glas "uitgehaal" en weer saamgestel. Die skets wys die idee met lens 1 die Fresnel-lens en lens 2 die standaardlens. (Wikipedia)

Soos gesê is die groot toepassing hiervan by vuurtorings. Een so 'n voorbeeld is die L'Agulhas-vuurtoring by die suidelikste punt van Afrika (agtergrond) met 'n vroeëre lens (regs).



Skep onwerklike tonele

Hoe skep jy onwerklike tonele met jou kamera as jy net die werklikheid voor jou sien? As jy jou kamera ken, dan is dit maklik!

Hoekom sal 'n kunstenaar-fotograaf 'n onwerklike toneel wil skep? Dink daaraan dat as jy dit met jou kamera doen, jy skeppend is en iets produseer wat niemand anders jou ooit sal kan nadoen nie. Trouens, jy sal dit waarskynlik self nie weer kan regkry nie!

Daar is baie maniere om onwerklike foto's te skep. Wat werkwyses betref, kan twee belangrike tegniektipes onderskei word, naamlik met die kamera en met 'n fotoverwerkingsprogram. Ons gesels verder net oor die eerste tegniek, met die nota daarby dat ligte fotoverwerking, soos onder andere snywerk en kleurversadiging wel in orde is. Enigiemand wat oor die tweede tegniek 'n artikel vir ons wil instuur, is meer as welkom – ons beperking is net een foto en 250-300 woorde.

Hier is enkele kamerategnieke om onwerklike foto's te skep:

- ✓ Gebruik 'n groot lensopening.
- ✓ Gebruik 'n lang sluiterspoed.
- ✓ Fotografeer waterweerkaatsings.
- ✓ Beweeg die kamera effens.
- ✓ Ontfokuseer die kamera bietjie.

Laat die foto hierby jou inspireer.

FOTO- *idees*

Idee 1: Onwerklieke werklikheid


Skep onwerklieke kunswerke deur middel van enige kamera-instellings.

Towerlantern Fotografie
- julie 2021 -

FOTO- *idees*

Idee 2: Waterweerkaatsings

Neem foto's van waterweerkaatsings en omtower dit tot 'n idilliese toneel.



Towerlantern Fotografie
- julie 2021 -

FOTO- *idees*

Idee 3: Kamerabeweging

Skep 'n onwerklike landskap deur middel van kamerabeweging.

Towerlantern Fotografie
- julie 2021 -

FOTO- *idees*

Idee 4: Ontfokussering

Neem 'n fotoreeks met die foto's uit fokus. Dit moet egter steeds kunswerke wees.

Towerlantern Fotografie
- julie 2021 -

NUUS VANAF TOWERLANTERN

ONS JAARLIKSE UITSTALLING

Soos verlede jaar wil Towerlantern weer die jaarlikse foto-uitstalling aanlyn doen. Ons bring dus die volgende onder elkeen se aandag:

Uitstalwyse: Youtube-aanbieding

Datum: September 2021

Uitstallers: Enige fotograaf wat al van ons fotografiekursusse begin doen of afgehandel het.

Foto-onderwerp: Alle genres.

Keuring: Stuur 5 foto's in waarvan 3 gekies sal word vir uitstal. Elke persoon wat foto's inskryf se 3 foto's sal uitgestal word.

Onkoste: R150, eenmalig.

Keerdatum: 15 Augustus 2021.

Oproep: Begin nou reeds om jou uitstalfoto's agtermekaar te kry. Gaan jou foto's deur, soek uit, stoor dit en wees reg as daar 'n oproep vir die instuur van foto's kom.

Bespreking: Die "plek" is nie beperk nie, maar dit word verwag dat jy so gou as moontlik sal bevestig dat jy belangstel.

Kyk by <https://youtu.be/mfCJWGmFlpA> na verlede jaar se aanlynuitstalling (2020 Foto-uitstalling Towerlantern Fotografie - YouTube).



waardering
van

lesers

Braam Pieterse, Potchefstroom, skryf in verband met Junie se Fotografienuus:

"Baie dankie vir veral hierdie, maar ook die ander, 'Fotografienuus'-uitgawes. Dit is altyd interessant met pragtige foto's. Die jongste een is werklik besonder! Ek wonder meesal hoe sommige foto's geneem is."

Vreemde plekke, wonderlike foto's

Min van ons het die geleentheid, of die geld, om die wêreld vol te reis. Neem dus sommer 'n gratis virtuele reis na die Kariëse eiland Sint



Maarten en kyk hoe die vliegtuie daar land by die Prinses Juliana Internasionale Lughawe.

Neem beslis jou kamera saam!

NOTA: Die video hierby is bietjie uitgerek, maar druk gerus deur. En laat weet ons hoe jy die reis ervaar het.

<https://youtu.be/YXRBNÆtz44>



Towerlantern Fotografie
- julie 2021 -

Aanlynkursusse

Ons bied vier verskillende aanlynklasse in Afrikaans aan:

EERSTEVLAKKURSUS

Ons begin by die heel begin begin. Dié kursus behels sake soos komposisie, lig en kamera-instellings. As jy wonder waar jy moet begin, dan is dit hier. Ons beplan om op 15 Julie 2021 met 'n aanlyn-groepklas te begin.

Aantal lesings: 6; verminderde prys: R1000.

SPESIALISKURSUS

Ons konsentreer slegs op enkele onderwerpe (3 tot 4 per kursus). Hierdie kursus word samelopend met die plaaslike kursus aangebied.

Die volgende geleentheid is vroeg volgende jaar.

Aantal lesings: 8; verminderde prys: R1000.

GEVORDERDEVLAKKURSUS

Ons voer die basiese onderwerpe van die eerstevlak verder. Aandag word aan verskeie genres gegee en die lyn word verder deurgetrek na impressionistiese fotografie. Ons beplan om op 15 Julie 2021 met 'n aanlyn-groepklas te begin.

Aantal lesings: 8; verminderde prys: R1000.

SELFOONKAMERAKURSUS

Ons bespreek die basiese elemente van fotografie, met toepassing op jou selfoon. In hierdie kursus sal jy meer leer hoe om besondere foto's te neem tot hoe om fotoverwerking op jou selfoon te doen. Ons beplan om op 15 Julie 2021 met 'n groep aanlynklas te begin.

Aantal lesings: 4; prys: R500.

Doen vir al hierdie kursusse navraag by: johan@towerlantern.co.za

Word deel van Towerlantern se Fotovriende

Dit blyk dat baie van die studente van Towerlantern Fotografie na afloop van 'n kursus nog steeds voel hulle wil aanhou foto's neem. Daarom het ons besluit om met 'n nuwe inisiatief te begin, naamlik om hulp aan te bied in die vorm van wat ons "Fotovriende" noem.

Die werkwyse is dat daar maandeliks 'n foto-opdrag uitgestuur word wat gedoen en ingestuur moet word. Dit word dan bestudeer en terugvoer word verskaf (in 'n groot mate soos wat die huidige kursusse tans verloop). Daar is ook geen kompetisie nie.

Hiermee word jy uitgenooi om aan dié saak deel te hê. Die meer gedetailleerde inligting is soos volg:

Beplanning: Alles is informeel. Jy kan aansluit vir 'n korter of langer tyd, wanneer jy wil – daar is geen voorskrif nie; ook geen fynskrif nie. Die idee is dat jy maandeliks foto-opdragte kry om uit te voer.

Vereistes: 'n SLR-kamera met verstelbare instellings is noodsaaklik. So ook 'n driepoot.

Aanvangsdatum: Die begindatum is die 1e van enige maand. Jy kan dus op enige tydstip begin. Daar is geen vaste tema nie – elke maand is op sy eie.

Werkwyse: 'n Opdrag word aan die begin van 'n kalendermaand gestuur. Die opdragfoto's, in die vorm van 'n PowerPoint-aanbieding met hoogstens 5 foto's, moet teen die 25e van die maand ingestuur wees. Evaluering sal binne die daaropvolgende 10 dæ gedoen word en aan almal gestuur word – sodat elkeen ook deel het aan die ander kommentare. So kan almal by almal leer.

Registrasie en fooi: Daar is drie registrasie-moontlikhede:

- ✓ Maandeliks: R50 per maand
- ✓ Kwartaalliks: R135 per kwartaal
- ✓ Jaarliks: R480 per jaar

Kontakpersoon en -adres: Johan de Klerk 082-884-7061; johan@towerlantern.co.za

Hou aan met jou kunsbeoefening

Hester van der Linde, Potchefstroom

Ek lees nou die dag 'n opmerking oor wat fotografie vir die kyker beteken. Dit is dan ook so dat dit heeltemal subjektief van aard is. Daar is selfs 'n gesegde wat lui: "beauty lies in the eye of the beholder". En dit is van toepassing op enige kunsvorm.

Dit het my laat terugdink aan my Sub A jaar in Montagu Lærskool. Ons hele klas kon 'n plakaat verf vir die Nasionale Boomplantdag kompetisie wat deur Stodels aangebied is. Dan sou Juffrou uit almal se kunswerke die bestes kies om in te stuur. Ek het baie van verf gehou, maar soos enige kind van so ongeveer 7 jaar, is dit nie pragstukke nie. Ek het my boom geverf met die rooiste ligskakering in die agtergrond en die breedste geel bas langs die boomstam.

Juffrou het egter nie gedink dat die lig rooi moet wees nie, want dit is gewoonlik blou; en die geel langs die boomstam was ook nie heeltemal reg nie. Sy het nie geweet wat dit is nie.

My prent was dus nie een van die uitverkoses nie. 'n Ander Juffrou het haar egter oortuig om die hele klas se prente in te skryf vir die kompetisie. En daar in Kaapstad roer my prent die hartsnare van 'n beoordelaar só dat ek die prys vir Pre-primêr Beste Plakaat wen!

My ma het later aan die Juffrou verduidelik dat sonsondergange wel rooierig van kleur is; en dat selfs as daar wind in die lug is, die hemelruim ook rooierig gekleur is. My kleurskema was dus nie verkeerd nie – dit was my interpretasie van die hemelruim. En boombasse kan soms verskillende kleure en diktes hê.

Hierdie is maar net 'n voorbeeld waar die kuns nie heeltemal aan die reëls voldoen nie, en definitief ook nie in almal se smaak val nie. Daar was egter een persoon wie se hartsnare dit genoeg geroer het. Die plakaat is ook gesteel voor ons dit kon gaan afhaal; net miskien het dit nog iemand anders se hartsnare genoeg geroer. Ek voeg 'n foto by van die plakaat.

Ek sluit af met die aanmoediging: Hou aan met jou kunsbeoefening.



Fotogeleentheid: "Landing Zone"-opleiding

Sam van Reenen, Durbanville

'n Dag-øfening vir die BMW Motorrad klub se lede saam met AMS en NSRI



Die geleentheid om as vrywillige lid die opleiding by te woon, duik elke 2 tot 3 maande op. Ons lede stel onself beskikbaar om die area waar die helikopter moet land, "landing zone", te beveilig en dan ook om die helikopter in te wys na waar hy moet land en of die pasiënt neergelaat moet word.

AMS (SA Red Cross Air Mercy Service) word gereeld rondom

Tafelberg en omgewing gebruik om klimmers/stappers wat seerkry, uit te vlieg na areas waar hulle dan verder afgevoer kan word, indien nodig. Ons lede hanteer dan ook die harnas en "sling" wanneer die NSRI (Nasionale Seereddingsinstituut) betrokke is. Die redder en persoon wat gered word, word met 'n tou en harnas onder die helikopter uit die water getrek en na veiligheid gebring.

Een van hierdie øfeninge het my die geleentheid gegee om nie aan die øfening deel te neem nie maar baie naby aan die groep te wees om foto's te neem. Die øfening was vir my tweeledig: (a) om foto's te neem waar die helikopter skerp is maar die rotors beweeg en ook (b) om foto's vir AMS/NSRI te gee wat hulle in hul opleiding kan gebruik.

Nota: Die foto's is geneem met Canon Eos Mk3 en Canon EF 70-200 f2,8 lens. "Rotor spin" kan gedoen word met 1/125 en 1/160 sekonde sluiterspoed.



Kamerabeweging – 'n alternatief

Josef Steyn, Stilbaai

In die Junie Fotografienuus is gewys hoe 'n stadige sluiterspoed abstrakte foto's kan lewer. Die tegniek kan ook gebruik word om realistiese en half-realistiese foto's te lewer deur gebruik te maak van 'n baie stadige sluiterspoed.

'n Opstelling om 'n sluiterspoed van 30 sekondes te verkry is gedoen. Die onderwerp was 'n geel blom teen 'n swart agtergrond. Die kamera was op 'n driepoot en die fokussering is per hand gedoen.


Vir al die foto's is die sluiterspoed slegs een keer geaktiveer en die kamera op 'n verskeidenheid onderbroke maniere beweeg. Hou in gedagte dat die kamera "blind" beweeg word en dat die posisie van die onderwerp op die sensor 'n spieëlbeeld is van die beweging van die kamera.



Kamera stil vir 'n paar sekondes, beweeg stadig na volgende posisie, hou weer stil en gaan so voort.



Kamera stil vir 'n paar sekondes, beweeg stadig na finale posisie en zoom terselfdertyd in. Hou stil vir res van die tyd.



Kamera stil, zoom effens in, beweeg diagonaal vinnig na volgende posisie. Herhaal die proses 5x.



Kamera stil, beweeg vinnig na volgende posisie en herhaal vyf keer. Om die korrekte posisionering van die onderwerp op die sensor te verkry was baie moeilik.